



Belge verstorm

LAURIKA RAUCH het Belge stom gelaat met haar uitstekende vertolking van 'n Jacques Brel-liedjie.

Laurika slaan haar slag in Europa

Deur PIETER SCHOOMBEE: Londen

'N EUROPESE plate-baas is so geïmponeer met Laurika Rauch dat hy haar musiek hier wil bemark. Hy wil van haar bekende nommers in Duits en Engels laat vertaal, sodat sy dit in daardie tale vir die Europese publiek kan sing.

Dit is een van die resultate van Laurika se kort toer in België, vertel haar bestuurder, Marius du Plooy, hier aan RAPPORT. Hulle was dié week in Londen vir nog 'n opvoering.

Een van haar drie Belgiese optredes is bygewoon deur 'n aankoper en verspreider van musiek, mnr. J. van Eedvelden. Dit was sy eerste kennismaking met Laurika en Afrikaanse musiek, en hy wou meer hoor.

Hy is daar weg met 'n kasset van Laurika se jongste plaat, wat nou in Suid-Afrika in die mark kom, "Laurika op Versoek".

Ná 'n paar dae het mnr. Van Eedvelden die Suid-Afrikaners opgebel met dié oordeel: Hoe meer 'n mens daarna luister, des te mooier word dit.

Volgens Marius het die Belg besluit daar is 'n mark vir Laurika se musiek in Europa, en hy wil dit invoer. Tussen die vertaalde nommers deur, wil hy ook hê sy moet 'n paar op Afrikaans sing, soos David Kramer se "Aleen".

Hard gewerk

Ná hul Belgiese ondervinding het Laurika en Wessel van Wyk, bobaas-pianis wat haar begelei, aan Rapport gesê hulle kan skaars die hartlikheid glo waarmee die Vlaminge hulle ontvang het.

"Dis die mense wat seker die naaste aan Afrikaners is in die wêreld," sê Wessel, wat onder meer in Wenen,

Oostenryk, gestudeer en daar die eerste prys in 'n internasionale klavierkompetisie gewen het.

"Dit was 'n verbasende ervaring," sê Laurika. "Voor ons vertrek, het ek só hard gewerk dat ek nie eintlik verwagtinge opgebou het nie, en ek was elke dag meer verras oor die goed wat met ons gebeur het."

"Die Belge is fyn mense. Baie van dié wat ons ontmoet het, is naby aan die land en lief vir die taal. Hulle het werklik geluister na die woorde, soos Afrikaners luister.

"En agterna het hulle presies geformuleer waarvan hulle gehou het en hoekom. 'n Mens waardeer dit."

Marius vertel die respek waarmee Laurika ontvang is, het opgeval. Vir die Vlaamse Jacques Brel-liedjie "Marika" is sy staande toegejuig. En Belge, wat hulle dikwels vererg vir wat andere met Brel aanvang, het haar kom gelukwens met haar vertolking.

Kinders van die Wind

In Londen, met meer Afrikaners in die gehoor, het sy dieselfde waardering gekry vir liedjies soos Koos du Plessis se treffer "Kinders van die Wind".

Dié twee uiteenlopende gunsteling is albei op Laurika se jongste plaat: Haar vyfde, en die eerste die afgelepe drie jaar.

Hulle het ook 'n program geskiet vir Suid-Afrikaanse TV oor Laurika in België. Vier dae lank het hulle elf uur per dag daaraan gewerk, vertel Marius. 'n Belgiese TV-span is gebruik — en weer kon die Suid-Afrikaners skaars glo hoe na aan mekaar hulle was.

In die oordeel van een Suid-Afrikaanse diplomaat, wat om verstaanbare redes naamloos moet bly: "Laurika het met een optrede in België meer gedoen vir Suid-Afrika as die ambassade in vyf jaar."